Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

# TRANSFORMASIE-LEERNETWERK

*AANGEBIED DEUR DIE SENTRUM VIR DIE BEVORDERING VAN SOSIALE IMPAK EN TRANSFORMASIE*

## Universele toegang (UT) – Wat is UT en hoe kan dit daar uitsien by die Universiteit Stellenbosch?

### Gasspreker: Dr Marcia Lyner-Cleophas

Dr Marcia Lyner-Cleophas begin haar professionele lewe as 'n hoërskoolonderwyseres en word later 'n opvoedkundige sielkundige. Sy werk by die Noluthando Skool vir dowe kinders en bestuur tans die Eenheid vir Gestremdhede in die Sentrum vir Studentevoorligting en -Ontwikkeling, in die Afdeling Studentesake aan die Universiteit Stellenbosch (US). Sy doen baanbrekerswerk in die totstandkoming van die US se Eenheid vir Gestremdhede, wat vanjaar 18 jaar oud is. Tans is sy 'n mederedakteur van die nuutgestigte vaktydskrif, die International Journal of Universal Design en Universal Design for Learning.

### Opsomming

'Universele toegang' is een van die transformasiedoelwitte vir personeel se kernprestasie[U1] -areas. Universele toegang word meesal verkeerd verstaan en 'n mens kan daarvoor vergewe word. Die konsep word dikwels uitruilbaar gebruik in die konteks van toegang vir gestremde persone. Dit is egter nie al nie. Dink gerus na oor hierdie stelling:

> *Although mainstreaming gender, disability and age consideration is a prerequisite of an inclusive society, without universal access, these groups are largely ignored in planning and provision of services in the public and private sector. This includes physical and or environmental accessibility, removing barriers, providing access through alternative communication and information in accessible formats, as a standard. (National Strategic Framework on Universal Design and Access, Department of Women, Youth and Persons with Disabilities, Notice 606 of 2021).*

Tydens hierdie sessie ondersoek ons universele toegang en hoe dit van toepassing is op ons by die US, ongeag wat ons werksrolle is. Jy word uitgenooi om jou denkwyse te kom verruim oor waar jou plek op 'n universeel toeganklike kampus is en hoe 'n universeel toeganklike kampus daar uitsien.
(Nasionale Strategiese Raamwerk vir universele ontwerp en toegang, Departement Vroue, die jeug, en persone met gestremdhede, Kennisgewing 606 van 2021.)

**Stuur gerus die uitnodiging aan enige belanghebbendes.**
**Sluit by die TLN se poslys aan deur Sibulele Mboyi by smboyi@sun.ac.za te kontak.**

**NAVRAE:**
Dr Jean Lee Farmer
***jeanlee@sun.ac.za***
+27 21 808 9465

**Donderdag, 27 Maart 2025**
**13h00 - 14h30**
**Aanlyn via MS Teams**

